higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

26 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar
	1.1.2	Onwaar
	1.1.3	Waar
	1.1.4	Onwaar
	1.1.5	Waar
	1.1.6	Waar
	1.1.7	Waar
	1.1.8	Onwaar
	1.1.9	Waar
	1.1.10	Waar

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	F
	1.2.2	K
	1.2.3	H
	1.2.4	A
	1.2.5	E
	1.2.6	L
	1.2.7	N
	1.2.8	O
	1.2.9	G
	1.2.10	B
	1.2.11	I
	1.2.12	J
	1.2.13	M
	1.2.14	D
	1.2.15	C

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Die daaglikse program moet goed gebalanseerd wees.
- Die dagsorgonderwyser kan langer tydperke vryspel toelaat en stel nie te veel eise aan die kinders nie. (2)

2.1.2
- Dit gee die kind 'n gevoel van sekuriteit en veiligheid.
- Dit help om opvoedkundige doelwitte te bereik.
- Dit maak voorsiening vir die ontwikkeling van die hele kind.
- Die kind moet gewoond raak aan die verskillende roetinetye, soos 'n toiletroetine. (Enige 2 × 1) (2)

2.1.3
- Die daaglikse program dien as 'n riglyn.
- Dit moenie rigied wees nie.
- Die dagsorgonderwyser moet leer om by die kinders se daaglikse behoeftes aan te pas.
- Die dagsorgonderwyser kan na sy/haar goeddunke handel.
- Die dagsorgonderwyser moet inisiatief en impulsiwiteit in sy/haar daaglikse aktiwiteite toelaat. (Enige 3 × 1) (3)

2.1.4
- Dagsorgonderwysers doen gewoonlik saam beplanning.
- Weeklikse beplanning, temas, spesiale geleenthede, fondsinsameling, ens.
- Maniere om op vorige beplanning te verbeter
- Hersien vorige beplanning
- Help mekaar om algehele beplanning te verbeter
- Bespreek roetinetye/aktiwiteite
- Gewoonlik tydens personeelvergaderings (Enige 3 × 1) (3)

2.1.5
- Die dagsorgonderwyser moet sy/haar eie beplanning doen.
- Gerigte aktiwiteite moet vir kort tye beplan word.
- Berei aktiwiteite vir die groep voor.
- Wissel boeke en speelgoed af.
- Besluit watter aktiwiteite binne en buite sal plaasvind.
- Daar moet 'n balans wees tussen gerigte en ongerigte aktiwiteite/vryspel. (Enige 3 × 1) (3)

2.2
- Kinders mag nie in die speelarea speel nie.
- Die parkeerarea moet afsonderlik van die buitespeelarea wees.
- Verkeer moet verkieslik in een rigting vloei.
- Parkeerruimtes moet duidelik gemerk wees.
- Aflewerings by die sentrum moet met die beplanning van die parkeerarea in gedagte gehou word.
- Omheinde parkeerareas moet 'n sekuriteitstelsel by die hekingang hê. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.3 **Speelgroep**

- Registrasie nie vereis nie
- Groep bestaan uit meer as ses maar minder as 20 kinders
- Gewoonlik net in die oggende vir ’n maksimum van vyf uur per dag
- Elke dag of sekere dae van die week
- Kinders tussen die ouderdom van twee en skoolgaande ouderdom

Dagmoeder

- Geen registrasie nie
- Maksimum ses kinders
- Verskillende ouderdomme
- Privaat inkomste
- Sien by haar huis na kinders om (5 + 5) (10)

2.4

- Die lokaal moet groot genoeg wees sodat die gaste kan rondbeweeg.
- Alles moet maklik met die hand geëet kan word.
- Verskaf tandestokkies.
- Verskaf 10 tot 18 southappies per gas.
- Plaas ’n tafel in die middel van die lokaal.
- Plaas ’n tafel teen die muur as daar min gaste is.
- Die fokuspunt moet van alle kante aantreklik wees.
- Speel sagte agtergrondmusiek.
- Laatoggend: vier soet- en vier southappies.
- Middag: agt soet- en agt southappies
- Berei die disse voor die tyd voor.
- Maak seker daar is plek vir vuil eetware. (Enige 6 × 1) (6)

2.5 2.5.1

- Elke kind moet ’n matras hê.
- Matrasoortreksels moet gemerk wees.
- Kinders moet kop aan voet met die maatjie langsaan lê om die verspreiding van siektes te verhoed.
- Kinders moet hul skoene uittrek.
- Daar moet brandblussers in die vertrek wees.
- Uitgange moet nie deur enige meubels versper word nie in geval van ’n brand.
- Ouers kan gevra word om oortreksels te help maak.
- Al die kinders moet rus, maar almal hoef nie te slaap nie.
- Verskaf boeke en legkaarte om dié wat nie slaap nie besig te hou. (Enige 7 × 1) (7)

2.5.2

- Verskaf afsonderlike koelkas slegs vir berging van melk en melkbottels.
- Daar moet ’n konstante toevoer van warm en koue water wees.
- Daar moet ’n dubbele wasbak van vlekvrye staal wees.
- Alles moet skoon en higiënies wees.
- Daar moet genoeg vullisblikke met deksels wees.
- Daar moet genoeg stoorplek wees.
- Daar moet voldoende beligting en ventilasie wees.(Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

2.6
- Lede word deur die betrokke partye aangestel.
- Lede word demokraties deur die ouers verkies.
- 'n Kombinasie van die voordele van die genoemde prosedures (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Skaam en teruggetrokke
- Het 'n swak dunk van hulself
- Kan onbewustelik hul negatiewe selfbeeld aan ander ten toon stel
- Het min interaksie met ander mense
- Praat nie baie nie
- Saggeaard
- Soms slordige voorkoms
- Kan aggressief en baasspelerig wees
- Emosionele ervarings wissel tussen uiterstes
- Kan baie jaloers wees (Enige 4 × 1) (4)

3.2
- Samestelling
- Regspersoonlikheid
- Doelstellings
- Magte
- Uitvoering van magte
- Lidmaatskap van skoolliggaam
- Uitvoerende komitee
- Algemene jaarvergadering
- Finansies
- Skoolreëls
- Wysiging van 'n grondwet
- Ontbinding van 'n skoolliggaam
- Aanvaardingsertifikaat (Enige 7 × 1) (7)

3.3
- Dit moet ten minste elke ses maande na ouers gestuur word.
- Alle aspekte van die kind se algehele ontwikkeling word gedek.
- 'n Afskrif van die verslag word in die kind se lêer geplaas.
- Die dagsorgonderwyser stuur 'n maandelikse verslag oor babas se vordering aan hul ouers.
- Die tweejaarlikse verslag is 'n opsomming van die kwartaallikse waarnemingsverslag. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.4
- Ouderdom van kinders in die groep
- Beskikbare ruimte (soort gebou en fasiliteite)
- Klimaat (weerstoestande)
- Unieke vereistes van die groep
- Geen onfeilbare resep (volmaak beplande program) nie
- Voldoende hoeveelheid gekwalifiseerde en ervare personeel
- ’n Balans tussen verskillende aktiwiteite
- Voldoende geleentheid vir vryspel
- Verskeidenheid aktiwiteite
- Aanpasbare program
- Duur van die aktiwiteite moet geskik wees vir die kinders se ontwikkelingsvlak (Enige toepaslike 6 × 1) (6)

3.5
- Wanneer mense hul unieke talente en vermoëns gebruik en ontwikkel✓✓ sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik, bv. om ’n graad te kry, ’n goue medalje te wen✓✓
- Wanneer mense hul talente en geleenthede ten volle benut om die hoogste vlak van persoonlike ontwikkeling te bereik (Enige 1 × 4) (4)

3.6
- Ignoreer dit
- Skik
- Stel hom-/haarself ondergeskik
- Stem in
- Bemiddel
- Versoen
- Verkry oplossing deur samewerking (Enige 6 × 1) (6)

3.7
- Bereidwilligheid om te help
- Eerlikheid en opregtheid
- Vertroudheid met die uitkomste van die werk
- Voor- en afkeure
- Betrek alle spanlede by besluite waar moontlik
- Vermy skadelike en kwaadwillige skinderstories
- Toon empatie en belangstelling (Enige 5 × 1) (5)

3.8
- Trek professioneel aan.
- Verkry inligting oor die sentrum.
- Berei moontlike antwoorde voor.
- Maak seker jy het al die nodige dokumentasie.
- Maak seker jy weet wat die datum, tyd en plek van die onderhoud is.
- Vind uit wat die onderhoudvoerder se voorletters en van is.
- Stoor die aanwysings op Google Maps.
- Besoek die sentrum voor die onderhoud om waardevolle inligting te bekom.
- Lys eienskappe wat die onderhoudvoerder dalk sal verlang.
- Maak dit duidelik dat jy die sentrum se belange op die hart dra.
- Maak aantekeninge van jou loopbaan, ervaring, salarisskale en die besonderhede van jou vorige/huidige werkgewer. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

3.9
- Individuele sorg
- Verskeidenheid aktiwiteite
- Omvattende program
- Plesier en veiligheid
- Gereeldheid en buigsaamheid
- Goeie menseverhoudings
- Ouerbetrokkenheid
- Gebalanseerde aktiwiteite
- Voorgesette sorg en stabiliteit
- Deelname en spel
- Ontwikkeling en selfbegrip (Enige 6 × 1) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Dit beteken die aansoeker word oorreed om sy/haar siening te verander.
- Die onderhoudvoerder moet baie seker van sy/haar feite en inligting wees.
- Die onderhoudvoerder moet sy/haar kommunikasievaardighede gebruik om die aansoeker te oortuig om sy/haar siening te verander.
- Die doel is om in te lig en te oortuig. (Enige 2 × 2) (4)

4.1.2
- Dit is die moeilikste onderhoud.
- Dit is ’n situasie waarby ongewenste optrede, skuldgevoelens, wraak of straf betrokke is.
- Dit kan negatief ervaar word, want dit ’n persoon se selfagting of verhoudings benadeel.
- Dit kan ook positief wees as die persoon gemotiveerd is om sy/haar selfdissipline te verbeter. (Enige 2 × 2) (4)

4.2
- Moenie jouself as meneer/mevrou/mejuffrou, ens. voorstel nie.
- Moenie jou handsak, lêer, sambreel, ens. op die onderhoudvoerder se tafel neersit nie.
- Moenie met items op die tafel peuter nie.
- Moenie enige dokumente, briewe of vorms op die tafel probeer lees nie.
- Moenie betrokke raak by ’n lang gesprek oor jou stokperdjies, sport of politiek nie.
- Probeer om nie oorgretig voor te kom nie.
- Moenie rook, kougom kou of lekkergoed suig nie.
- Moenie rusteloos of negatief wees nie.
- Moenie bang wees om vrae aan die paneel onderhoudvoerders te vra nie.
- Probeer om vrae vinnig, logies en sonder huiwering te beantwoord en behou oogkontak.
- Onthou altyd dat jy niks met ’n onderhoud kan verloor nie.
- Formuleer jou antwoorde duidelik, kortliks en beleefd.
- Wees eerlik oor die redes waarom jy van werk verander, jou kwalifikasies, ervaring, ens. (Enige 7 × 1) (7)

Kopiereg voorbehou

4.3
- Stofbestand
- Veilig teen diefstal
- Buigsaam
- Maklik bereikbaar (Enige 3 × 1) (3)

4.4
- Naam van die dagsorgsentrum✓
- Minimum 10 kinders✓
- Datum✓
- Een week✓
- Bywoning opgetel✓✓
- Kinders as teenwoordig en afwesig afgemerk✓✓
- Seuns en meisies aangetoon✓✓
- Ouderdomsgroep aangetoon✓
- Netheid en kreatiwiteit ✓ (12)

4.5 **Bulimie**
- Word ook 'morbiede honger' genoem
- Op talle maniere soortgelyk aan anoreksie
- Honger hulself aanvanklik uit/selfgeïnduseerde verhongering
- Vergryp dan aan kos/eet onbeheersd
- Gevolg deur selfgeïnduseerde braking
- Groot hoeveelhede lakseermiddels om van kos ontslae te raak
- Doen oormatig oefening om van kos ontslae te raak
- Stresverwant, hormoonveranderinge, afknouery of selfbeeldprobleme

Anoreksie
- Verlies aan eetlus
- Obsessie om maer te wees
- Glo hulle is vet, al is hulle dalk gevaarlik maer
- Nie 'n fisiese versteuring nie, maar sielkundig

Obesiteit/Vetsug
- Swak eetgewoontes met geen oefening nie
- Lei tot oorgewig, liggaamlike en sielkundige probleme
- Weet nie hoeveel kos hul liggame benodig om gesond te bly nie

Ernstige diëtery
- Lewe draai om diëte
- Weet nie hoe om gesonde en gebalanseerde maaltye te eet nie
- Volg een dieet ná die ander
- Volg kitsdiëte en verloor 'n bietjie gewig, maar kan nie die gewigsverlies handhaaf nie (Enige 3 × 3) (9)

4.6 4.6.1
- Moet kennisgewing en agenda van die vergadering betyds uitstuur
- Hou notules by die vergadering
- Hou korrespondensie van die komitee op datum (Enige 2 × 1) (2)

4.6.2
- Tree as voorsitter by algemene jaarvergadering op
- Tree namens die meerderheid lede op
- Maak seker dat die vergadering volgens die korrekte prosedures geskied
- Maak seker dat alle besluite wat by die vergadering geneem word, uitgevoer word
- Delegeer take
- Lê jaarverslae voor (Enige 3 × 1) (3)

4.7
- Goeie beligting
- Tafels met koerantpapier bedek
- Naby aan wasbak of badkamer
- Esels vêr van mure
- Teëlvloer wat maklik skoongemaak kan word
- Kunsmateriale maklik bereikbaar
- Droograk vir kunswerk (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAALAFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou